SPORT

ATLETIEK

Atletiek is ‘n belangrike sportsoort. Die eerste deel van die atletiekseisoen begin al reeds in die eerste week van Kwartaal 1 en duur tot en met Februarie maand. Die seisoen skop af met uitdunne en Bokkesport. Daar vind ‘n aantal vriendskaplike byeenkomste plaas, Cluster-byeenkoms, Top 10-kompetisie, Distrik-, Gauteng-, en SA Kampioenskappe.

Die tweede deel van die seisoen begin aan die einde van Kwartaal 3 met uitdunne. In Kwartaal 4 vind verskeie byeenkomste plaas wat as sifting dien vir die Super 12- span. Die Super 12-kompetisie vind in Oktobermaand plaas.
Die span wat aan die byeenkomste deelneem bestaan uit 4-6 atlete van die o/7 - o/13 ouderdomsgroepe onderskeidelik. Die Clusterspan bestaan uit 2 atlete per item, o/7 - o/13. By die Super 12-kompetisie neem 2 atlete per item deel, maar wel in die komende jaar se ouderdomsgroepe. Dus neem Gr R-leerders deel as o/7.

DOEL VAN ATLETIEK

Alhoewel atletiek ‘n individuele sportsoort is, dra elke atleet se prestasie by tot die puntetotaal wat bereken word aan die einde van elke kompetisie. Ons doel is massa deelname om soveel moontlik leerders die kans te bied om hul potensiaal te ontdek in verskeie items en hul talent tot op die hoogste vlak te ontwikkel. Atletiek leer die kind vanaf ‘n jong ouderdom om tydens elke deelname self in beheer te wees, besluite te neem, die situasie te oordeel en aan te hou veg, tot aan die einde.

HOEKOM AAN ATLETIEK DEELNEEM?

Atletiek is ‘n sportsoort wat verskeie geleenthede aan enige leerder bied om sy/haar potensiaal te ontwikkel. Atletiek kweek dissipline en leer atlete om doelgerig en vasberade te wees. Deursettingsvermoë word aangeleer en atlete leer hoe om terugslae asook welslae te hanteer wat deursyfer op hul pad na volwassenheid. Atletiek is ‘n sportsoort waarin atlete kan presteer tot op ‘n onbepaalde ouderdom. Atletiek is ‘n sportsoort waarby die hele gesin betrek word, hetsy deelnemer, afrigter, toeskouer of ondersteuner!

LARDIES OPEDAG